

2 September

Jeremia 13:2; 2

Korintiërs 4:6- 10

(Teks: 13:12-14) Jy, 'n nuttelose kruik?

So het halfdronk mense uitgeroep wat bang was die fees hou op voor-dat die laaste wyn gedrink is. Dan is die teë kruike uit 'n gemeenskaplike kruik volgemaak sodat hulle verder kon drink. Ongesteurd oor hulle sonde en die dringende waarskuwings oor God se naderende oordeel, leef die volk van die Here voort soos sorgelose feesgangers. Hulle wat die lig vir die nasies en die sout van die aarde moes wees, het nie meer hul roeping nagekom nie. Hulle het 'n leë kruik geword, nutteloos in die oë van die Here.

Het ek nutteloos geword? Ken ek my identiteit en roeping? Die kerk en elke gelowige moet dit beantwoord. 'n Kerk kan 'n pragtige belydenis en gesonde tradisies hê, maar leeg en nutteloos wees. Uiterlik kan ek godsdienstig korrek leef, maar innerlik leeg en nutteloos wees, 'n leë kruik.

'n Kruik breek maklik (2 Kor 4:6-8), maar gelowiges is nie leeg nie. Die Heilige Gees het ons leegheid kom vul met kosbare skatte: om God deur ons Here Jesus Christus te ken en die geloof dat sy beloftes waar is. Christus se soenverdienste aan die kruis gee my 'n identiteit: ek is kind van God. Ons is breekbare kruike, maar nie leeg en nutteloos nie. Leë kruike sal eendag deur God stukkend geslaan word. Vervul met die Heilige Gees moet ek my identiteit en roeping uitleef tot eer van God. Dan sal dit duidelik wees dat ek nie leeg is nie. Miskien gebars, maar die lig van die kennis van God straal uit my lewe. Ook vandag.

Sing Psalm 85:2 Ds. B.C.G. Fourie (Kameeldrift)